



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V1

2025

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae by daardie item(s) verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LW:** As syfers in die nasienriglyne vir komponente van bewerkings aangedui word, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie getoon is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag)
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van 'n vraag nie as 'n negatiewe totaal getoon word nie.
10. Waar metodepunt(e) vir 'n bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees volgens kandidaat se (geldige) antwoord, of soos in nasienriglyne aangedui.
12. By bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☐.
14. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan bevat.
15. Codes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.

VRAAG 1**1.1 Bereken die korrekte waarde van die eindvoorraad van informele manshemde.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
[97 500 + 1 605 000 – 42 500] een punt een m punt <u>1 660 000</u> ✓✓ x 820 ✓ 5 000 ✓✓ [300 + 4 800 – 100] een punt een m punt 332 vier punte	272 240 ✓ een deel korrek as x met 820

6

Teller en noemer moet as sodanig gemerk word.
Moenie punte toeken vir enige alleenstaande syfers nie. Bv. geen punte as slegs 97 500/300 geskryf is nie

1.2 GEWONE-AANDELEKAPITAAL-NOTA

AANTAL	BESONDERHEDE	BEDRAG
2 150 000 ✓* Kontroleer (+ATK – AU)	Aandele uitgereik aan die begin	11 395 000 ✓
750 000 ✓	Aandele uitgereik gedurende die jaar	7 455 000 ✓* Kontroleer (+ATK – A@B)
(150 000) ✓#	Aandele teruggekoop (GAP: R6,50 ✓) Moenie R1 710 000 aanvaar nie	(975 000) ✓#
2 750 000	Aandele uitgereik einde van jaar	17 875 000 ✓

8

* een deel korrek kontroleer die korrekte bewerking vir balanserende syfer. dus (+AT - AU)
#Ignoreer hakies
Indien antwoord van 975 000 korrek is, ken twee punte toe indien R6,50 nie gewys word nie
-1 aanbieding/besonderhede (maks.-1)

1.3 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 28 FEBRUARIE 2025

Bates	
Niebedryfsbates	
Vaste bates teen drawaarde	
Vaste deposito: Time Bank (320 000 x 60 / 40) OF 800 000 - 320 000 2	480 000 ✓✓
Bedryfsbates	5 798 000
Voorraad een punt een m punt (- 285 50027 + 272 240 sien 1.1) (4 598 000 ✓ - 13 260 ✓✓) as 1.1 > Eindv., teken moet +tief wees	4 584 740 ✓*
Handels- en ander ontvangbare bedrae Oordrag VOS Komm. Ink. Dir. Fooie SAID Ink. (735 000 + 5 000 ✓ - 29 600 ✓✓ + 6 400 ✓ + 48 750 ✓✓ + 70 000 ✓)	835 550 ✓*
Kontant en kontantekwivalente	
Totale bates 12	
Ekwiteit en laste	
Aandeelhoudersbelang 39 347 500 drie punte [(4 721 700 ✓ x 100 / 24 ✓) x 2 ✓] - 16 200 000 ✓	23 147 500 ✓*
Gewone aandelekapitaal sien 1.2	17 875 000 ✓
Behoue inkomste AHE – GAK; kan -tief wees 7	5 272 500 ✓
Niebedryfslaste	
Verbandlening: Delta Bank - 250 000 drie punte (3 200 000 ✓ + 290 000 ✓ - 540 000 ✓✓) 5	2 950 000 ✓*
Bedryfslaste	4 460 000 ✓✓
Handels- en ander betaalbare bedrae Oordrag Huurink. (878 500 + 5 000 ✓ + 77 000 ✓✓)	960 500 ✓*
Huidige/Korttermynlening sien NBL	250 000 ✓
Aandeelhouders vir dividende	2 475 000 ✓✓
Bankoortrekking Balanserende syfer kan -tief wees	774 500 ✓
Totale ekwiteit en laste 10	

36

* een deel korrek.

Kontroleer Kt.L en ADiv. kan by H&AB ingesluit word.

-1 vreemde items (maks.-2); -1 aanbieding (maks.-1) misplaaste items ken slegs punte toe vir bewerking

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 2**2.1 Versoening van Wins voor Belasting en Kontant Gegenerer uit Bedrywighede-nota op 28 Februarie 2025:**

Verandering in ontvangbare bedrae		
BEWERKINGS	ANTWOORD	INVLOEI/UITVLOEI
3 167 000 – 1 303 500 Ignoreer bewerkings en hakies	1 863 500 ✓✓	Uitvloei ✓*

3

Verandering in betaalbare bedrae		
BEWERKINGS	ANTWOORD	INVLOEI/UITVLOEI
[1 450 000 + 14 600] 1 464 600 ✓ – 1 323 500 ✓ As bewerkings nie getoon is nie, ken volpunte toe vir antwoord Moenie 'n punt toeken vir enige bewerking bygevoeg tot alleenstaande syfers vir beide jare nie	141 100 ✓ een deel korrek VJ – HJ of omgekeerd	Invloei ✓*

4

*Ken punte toe vir antwoord/besonderhede indien nie in die betrokke kolom nie.

2.2 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 28 FEBRUARIE 2025

KONTANTVLOEI UIT BEDRYSFAKTIEWEITE	
Kontant gegenerer uit bedrywighede	
Rente betaal	(316 250)
Belasting betaal (201 600 ✓ – 32 000 ✓ – 15 300 ✓) OF – 201 600 + 32 000 + 15 300 Aanvaar grootboekformaat of die gebruik van hakies in bewerking. Met gebruik van omgekeerde tekens, merk seker slegs een opsie deurgaans.	(154 300) ✓*#
Dividende betaal 4	(252 000)
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIEWEITE	
Aankoop van vaste bates	(380 000) ✓✓
Verkoop van vaste bate [55 000 x (15% x 4/12)] een punt een punt een m punt (16 000 ✓ – 2 750 ✓✓) OF 55 000 – 41 750 6	13 250 ✓*#
Verandering in vaste deposito	
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIEWEITE	
Opbrengs uit aandele uitgereik	1 000 000 ✓✓
Aandele teruggekoop (2 000 x R15,40 ✓✓) OF 22 000 + 8 800 een punt een punt	(30 800) ✓*#
Verandering in lening (3 300 000 ✓✓ – 2 880 000 ✓) 9	(420 000) ✓*#
NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	(1 172 000) ✓*
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN BEGIN	415 000 ✓
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN EINDE 4	(757 000) ✓✓

23

* Een deel korrek en moet die korrekte bewerking

As daar geen hakies is nie, neem aan dat die antwoord 'n invloei van kontant is – ken punte slegs vir bewerkings toe.
 # As die korrekte bedrag sonder hakies verskaf word, en sonder bewerkings, ken alle punte geallokeer vir bewerkings toe.
 -1 vreemde items (maks.-2); -1 aanbieding (maks.-1) misplaaste items ken slegs punte toe vir bewerking

2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

Netto batewaarde per aandeel	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{7\,140\,120}{498\,000} \checkmark \times \frac{100}{1}$	1 433,8 sent ☒ * een deel korrek bereken as R/c; R/c nie vereis nie Aanvaar R14,34 / R14,33 / 1 433c / 1 434c

3

Vuurproefverhouding	
BEWERKINGS	ANTWOORD
een punt een punt een punt een punt (3 167 000 + 18 000) (1 609 380 + 775 000) 3 185 000 ☒ ☒ : 2 384 380 ☒ ☒	1,3 : 1 ☒ * een deel korrek in vorm x : 1 Aanvaar 1,34 : 1

5

Dividenduitbetalingskoers	
BEWERKINGS	ANTWOORD
twee punte een punt (90 000 + 129 480) $\frac{219\,480}{518\,400} \checkmark \checkmark \checkmark \times \frac{100}{1}$	42,3% ☒ * een deel korrek Moenie 0,42 aanvaar nie

5

By ELKE berekening hierbo sal die 'x 100' nie deel van 'een deel korrek' nie uitmaak nie.

Teller en noemer moet as sodanig gemerk word.

Moenie punte gee vir enige bewerkings wat aan alleenstaande syfers toegeken is nie. Bv. geen punte indien enigiets anders by R7 140 120 / 498 000 / 518 400 gevoeg word nie.

2.4 Die direkteure behoort bekommerd te wees oor die kontantbronne van die maatskappy vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2025. Gee EEN rede (met syfers) vir hierdie bekommernis.Rede ☒ Syfer/s ☒

- Die kontant en kontantekwivalente het verander (van 'n gunstige saldo R415 000) na 'n ongunstige saldo van R757 000 **sien 2.2**.
- Die netto kontantuitvloei van R1 172 000 **sien 2.2** toon dat die maatskappy se bedrywighede nie voldoende kontant genereer het om in sy behoeftes te voorsien nie.

2

TOTAL PUNTE

45

VRAAG 3**3.1**

3.1.1	Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) ✓
3.1.2	Direkteur ✓
3.1.3	Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE) ✓

3

3.2 Shorts Bpk.**3.2.1 Bedryfsdoeltreffendheid:**

Die HUB glo dat die maatskappy se prysbepalingsbeleid goed bestuur word in vergelyking met hulle mededingers. Haal TWEE finansiële aanwysers/finansiële data met tendense aan om sy bewering te staaf.

Finansiële aanwysers/finansiële data ✓ ✓ Syfers en tendense ✓ ✓

- Winsopslag % daal (van 65%) tot 50%/met 23,1%/met 15%-punte
- % netto wins na belasting op verkope styg (van 22%) tot 26,4%/met 20%/met 4,4%-punte
- Verkope het verbeter (van R48 m) tot R77 m/met R29 m.

Moenie bedryfsuitgawes op verkope aanvaar nie

4

3.2.2 Likiditeit:

Verduidelik hoe die kredietbeleid die likiditeit van die maatskappy verbeter het. Haal TWEE finansiële aanwysers met tendense aan.

Finansiële aanwysers ✓ ✓ Syfers en tendense ✓ ✓

- Debiteure-invorderingstermyn het verbeter (van 42 dae) tot 31 dae/met 11 dae
- Krediteurebetalingstermyn het verbeter (van 71 dae) tot 90 dae/met 19 dae

Moenie bedryfsverhouding en vuurproefverhouding aanvaar nie

4

3.2.3 Aandeelhouding van Lewis Clark in Shorts Bpk.:

Verskaf 'n berekening om die effek te toon wat die terugkoop van aandele op Lewis se % aandeelhouding gehad het.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\begin{array}{r} [1\ 783\ 250 \times 40\%] \\ 713\ 300 \quad \checkmark\checkmark \times \frac{100}{1} \end{array} \quad \text{OF} \quad \begin{array}{r} \text{twee punte} \\ 669\ 950 \\ 1\ 383\ 250 \quad \text{een punt} \end{array} \times \frac{100}{1}$ 100% – 48,4% drie punte	51,6% ☒ een deel korrek % teken nie nodig Aanvaar 51% / 52%

'x 100' vorm nie deel van 'een deel korrek' nie.

Teller en noemer moet as sodanig gemerk word.

Moenie punte toeken vir enige bewerkings wat aan alleenstaande syfers gedoen word nie. Bv. geen punte as enigiets anders by 713 300 / 1 383 250 gevoeg word nie.

4

Gee TWEE redes waarom die interne ouditeur bekommerd is oor die HFB wat die direksie oorreed het om aandele terug te koop.
Enige TWEE geldige verduidelikings ☒ ☒ ☒ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde - Die HFB is nou 'n meerderheidsaandeehouer / minderheidsaandeehouers se invloed verminder. - Lewis het in sy persoonlike belang opgetree, nie tot voordeel van die maatskappy nie. - Dit het net voordat die finale dividende verklaar is plaas gevind, wat Lewis verder onregmatig kon bevoordeel. - Die HFB se invloed kan die onafhanklikheid van die direksie ondermyn en tot bevooroordeelde besluite lei. - Die gebruik van maatskappyfondse om homself te verryk is 'n onbehoorlike gebruik van maatskappybates / verduistering van maatskappyfondse / hy het sy posisie misbruik om die direksie te oortuig. - Sy optrede vergroot die risiko dat die vertroue in die maatskappy en die reputasie skade ly. - Hulle het 'n hoër prys as die NBW en MP betaal.

4

Bereken die addisionele bedrag wat die maatskappy vir die terugkoop van die aandele betaal het, in vergelyking met die aandeelprys op die JSE.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$400\ 000 \times \begin{array}{c} [3,00 - 2,56] \\ 0,44 \end{array} \quad \text{OF} \quad 1\ 200\ 000 - 1\ 024\ 000$	176 000 ✓☒ een deel korrek

2

3.3 Shorts Bpk. en Lynn Bpk.**3.3.1 Opbrengs en dividenduitbetalingsbeleid:**

Die HUB's van beide maatskappye sal hulle maatskappye se prestasie bespreek. Lewer kommentaar op wat hulle oor die % opbrengste moet noem. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers aan.

Finansiële aanwyser met syfers ✓ ✓ Verduideliking/kommentaar ✓ ✓

Shorts Bpk.

- OOAB het afgeneem het (van 14,7%) tot 6%/met 8,7%-punte/met 59,2%.
- Die direkteur sal die afname moet uitlig en aandui dat hul aandag skenk daaraan om dit te verbeter in die nuwe finansiële jaar.
- Die opbrengs van OOAB is minder as wat uit 'n vaste deposito verdien kon word.

Lynn Bpk.

- OOAB het toegeneem (van 14,5%) tot 16,1%/met 1,6%-punte/met 11%.
- Direkteur sal aandeelhouers herinner dat hulle verdienste hoër is as die rentekoers op vaste deposito's.
- Deur meer in die maatskappy te belê, het beter opbrengste as wat hulle uit 'n vaste deposito sou verdien.

4

'n Voornemende belegger glo dat Lynn Bpk. 'n beter dividenduitbetalingsbeleid in vergelyking met Shorts Bpk. het. Verduidelik waarom jy met haar sou saamstem. Verskaf TWEE punte met syfers.

Finansiële aanwyser met syfers ✓ ✓ Verduideliking ✓ ✓

Shorts Bpk.

- Hulle het geen fondse uit verdienste behou nie en gebruik 24,6% (162c van 130c) van die fondse van vorige finansiële jare / verhoog (van 49,1%) tot 124,6%
- Dit was om die aandeelhouers se aandag af te trek van die daling in die winsgewendheid (VPA) van die maatskappy in die huidige jaar.
- Poging om maatskappy-aandele prestasie in die mark weg te steek/aandele onderwaardeer.
- Hulle wou die aandeelhouers tevrede hou.

Lynn Bpk.

- Hulle het 46,1% (235c van 510c) van hul verdienste behou/dit verhoog (van 49,2%) tot 53,9%
- Dit is 'n aanduiding van beplande uitbreidings in die toekoms waarby die aandeelhouers sal baat.

4

3.3.2 Aandeleprys:

Lewer kommentaar op die aandeelhouers se tevredenheid met die vertoning van hulle aandeleprys. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou kommentaar te ondersteun.

Vergelyking van NBW – MP ✓ ✓ Syfers en tendense ✓ ✓

Shorts Bpk.

- NBW van 270 sent is hoër as die MP van 256 sent/met 14 sent.

Lynn Bpk.

- MP van 976 sent is hoër as die NBW van 958 sent/met 18 sent.

VIR VIER PUNTE:

In Shorts Bpk. is aandeel onderwaardeer teen 14 sent, terwyl aandeel in Lynn Bpk. weer oorwaardeer is teen 18 sent.

4

3.4 Lynn Bpk.

Die skuld-ekwiteit-verhouding toon dat addisionele lenings gedurende die finansiële jaar verkry is. Die direkteure is van mening dat dit 'n goeie besluit was. Haal EEN finansiële aanwyser aan om hulle mening te ondersteun.

Finansiële aanwyser met syfers ✓ Verduideliking ✓✓

- OOTKA het gestyg (van 19,2%) tot 21,8%/met 2,6%-punte/met 13,5%.
- OOTKA is hoër as die rentekoers op lenings (12,5%), die maatskappy toon 'n positiewe hefboom / maatskappy het die geleende fondse effektief gebruik om hoër winste te genereer.

3

3.5 Ouditverslag van Lynn Bpk.

Verduidelik waarom die aandeelhouders oor hierdie ouditverslag bekommerd moet wees. Verskaf TWEE punte.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓

- Dit is 'n gekwalifiseerde verslag / dui op 'n slegte verslag.
- Die verslag sal die maatskappy se beeld of reputasie beïnvloed.
- Daar is onvoldoende interne kontrole prosesse (swak boekhouding).
- Die moontlikheid van wanbestuur van fondse of bedrog.
- Verminder vertroue in direkteure se integriteit.
- Dit kan vertroue in die mark verlaag en 'n daling in aandeelprys veroorsaak / dit sal wantroue skep by moontlike nuwe beleggers.
- Dit kan die maatskappy se kredietwaardigheid verlaag / bydra tot 'n laer kredietgradering.

2

Noem TWEE moontlike besluite wat die aandeelhouders kon maak, gebaseer op hierdie ouditverslag.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓

- Ondersoek finansiële praktyke in die maatskappy.
- Stem teen die herverkies van huidige direkteure / stem teen vergoeding van huidige direkteure.
- Stel 'n nuwe interne ouditeur in die maatskappy aan, gegewe die wantroue in die huidige een.
- Eis verduideliking van direkteure om deursigtigheid te verseker / eis verbeterde interne kontrole of bestuur
- Besluit om hul aandele te verkoop as gevolg van verhoogde risiko.
- Vermoë addisionele beleggings in maatskappy / staak verdere beleggings tydelik, totdat kwessies uitsorteer is.

2

TOTAL PUNTE

40

VRAAG 4**4.1**

Sommige aandeelhouers is bekommerd oor die donasies wat vir omgewingsinisiatiewe gemaak word, en hulle glo dat dit nie hulle verantwoordelikheid is nie.

Gee raad aan die aandeelhouers oor waarom korporatiewe donasies in belang van die maatskappy is. Verskaf TWEE punte.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓

- Weerspieël goeie bestuur, wat sal bydra tot die welstand van die gemeenskap / donasies aan gemeenskapsprojekte lei tot verbeterde kwaliteit van lewens / dra by tot opbou van 'n stabiele gemeenskap.
- Die King Kode moedig belegging in volhoubaarheid van die omgewing aan.
- Dit verlaag die belasbare inkomste van die maatskappy.
- Maatskappye wat bydra tot hul gemeenskap is meer gewild by klante.
- Goeie publisiteit sal bydra tot die maatskappy se beeld of vraag na aandele.
- Bou sterk verhoudinge in die gemeenskap om besigheidontwrigtings te voorkom / behou lojaliteit deur goeie verhoudinge met gemeenskappe.

2

4.2

Verduidelik TWEE punte waarom dit belangrik is dat werknemers onetiese gedrag in 'n besigheid rapporteer.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓

- Dit bevorder aanspreeklikheid / goeie etiese gedrag / verseker werknemers se verbintenis tot etiese waardes / toon toewyding aan etiese standaarde.
- Dit verseker werknemers se langtermyn belegging in die sukses van die maatskappy / dit bevestig dat werknemers is ingestel op die sukses van die maatskappy.
- Dit sal bydra tot die vroeë identifisering van probleme en die regstelling van die misstappe / motiveer werknemers deur wangedrag effektief aan te spreek.
- Dit sal 'n positiewe kultuur van eerlikheid en deursigtigheid aanmoedig.
- Beskerm maatskappy se reputasie / beskerm maatskappy om finansiële gesond te bly.
- Skep 'n veilige, produktiewe werksomgewing / beskerm werknemers se prestasie.
- Verhoog moraal deur regverdigheid te verseker en wangedrag aan te spreek / verhoog vertroue deur regverdigheid te verseker.

2

Stel TWEE stappe voor wat die maatskappy kan doen om soortgelyke voorvalle in die toekoms te voorkom.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓

- Verbeterde interne finansiële beheerstelsels / voer gereelde interne en eksterne oudits uit om onreëlmatighede vroegtydig op te spoor.
- Gereelde opleiding rakende etiek aan alle werknemers.
- Beskerm fluitjie-blasers / skep 'n veilige rapporteringskanaal vir werkers.
- Monitor en evalueer bestuur se optrede meer gereeld / verhoog die toesighouding oor die leierskap se optrede.
- Voorsien 'n houer waarin werknemers voorstelle kan plaas om sienings rakende etiese gedrag te deel.
- Stel duidelike gedragskodes en gevolge vir oortreders op / nagevolge moet streng op alle teistering en boelie-gedrag toegepas word.
- Moedig deursigtigheid aan om konflik te verminder / bevorder openheid om toksiese gedrag te verminder.

2

4.3

Verduidelik betekenis van die term *insolvent*.

Enige gepaste verduideliking ✓✓

- Die laste is meer as die bates / maatskappy beskik nie oor voldoende fondse of bates om skuld te delg nie.
- Die maatskappy sal nie in staat wees om sy laste te betaal met sy bates indien dit is gelikwdeer word nie / finansieel nie in staat om verpligtinge na te kom.
- Die maatskappy se ekwiteit is negatief.

2

4.4

Lewer kommentaar op hoe die 'regte-uitgifte' die solvensie van die maatskappy tot 'n gunstige posisie verbeter het. Verwys na die effek van die regte-uitgifte op die bates, ekwiteite en laste van die maatskappy. Aanvaar dat die maatskappy se banksaldo gunstig was.

- Bates sal toeneem aangesien meer kontant ontvang is. ✓
- Ekwiteit sal verbeter aangesien meer aandele uitgereik is. ✓
- Laste sal onveranderd bly. ✓

3

4.5

Gee TWEE redes waarom die bestaande aandeelhouders positief op deelname aan die regte-uitgifte gereageer het.

Enige TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓ **deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde**

- Hulle sal hulle vorige beleggings in die maatskappy wil beveilig in die maatskappy.
- Hulle kry die aandele teen 'n afslag prys.
- Hulle kan hierdie aandele teen markprys verkoop en 'n wins maak.
- Verklein die kanse van likwidasië / red die maatskappy van insolvensie.
- Hulle het vertroue in die maatskappy se herstel en bestuur getoon.

4

TOTAL PUNTE

15

TOTAAL: 150